Maak jou eie sweefstokarties*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 TEGNOLOGIE

2 Graad 7

3 STRUKTURE EN KOMMUNIKASIE

4 Module 24

5 MAAK JOU EIE SWEEFSTOKARTIES

opdrag:

Om jou eie sweefstokarties te maak

	LU/AS 2.2			

Table 1

Benodigdhede:

- dik karton
- ‘n drukspyker
- ‘n skêr
- viltpenne

- sterk gom
- draad
- 2 polistireenballetjies
- ‘n groot glas
- Koeldrankbottel

*Version 1.1: Jun 9, 2009 10:33 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Metode:



Figure 1

1. Teken die vorm van die mannetjie op ‘n stuk dik karton oor. Knip dit versigtig uit met ‘n skêr.



Figure 2

2. Kleur hom aan die voor en agterkant met viltpenne in. Gom ‘n drukspyker aan die onderkant van die karton vas.



Figure 3

3. Knip ‘n lengte draad met ‘n draadtang af en gom dit aan die mannetjie vas met ‘n gompistool

Figure 4

4. Gom twee polistireenballetjies aan die twee punte van die draad vas.



Figure 5

5. Balanseer die mannetjie versigtig bo-op ‘n groot bottel. Die mannetjie behoort te balanseer.
LAS- EN VOEGTEGNIEKE

Papier/ karton	Gom, skuifspelde, krammasjien,spleetspelde, wasters, gare of tou
Kledingstof	Kledingstofgom plak lap op lap, PVA-gom plak lap op papier, karton of hout; gare, vasmaakmiddels (knope, velcro, ritssluiters, hakies en ogies, drukknopies, veters, linte)
Hout	Spykers, skroewe, voeë, houtlym
Metaal	Skroewe, moere en boute, soldeersel, gom, klinknaels
Plastiek	Gom, skroewe

Table 2

6 Assessering

LU 2
TEGNOLOGIESE KENNIS EN BEGRIP Die leerder is in staat om relevante tegnologiese kennis te verstaan en dit eties en verantwoordelik toe te pas.
verwerking:2.2 kennis en begrip toon van hoe stowwe/materiaal verwerk kan word om eienskappe te verander of te verbeter (bv. sterkte, brandbestandheid, waterdigtheid, smaak, volume, tekstuur

Table 3